*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/23)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Paul Hardman namens Justin Chadwick 22 September 2023*


***"There is no worse tyranny than to force a man to pay for what he does not want merely because you think it would be good for him." R Heinlein***

## *CARBON BORDER ADJUSTMENT MECHANISM* (CBAM) (PAUL HARDMAN)

As deel van die breër Europese Unie *Green Deal*-inisiatief, is die EU CBAM-regulasie gepubliseer (16 Mei 2023). Die CBAM gaan effektief daaroor om partye te belas wat goedere na en van die EU in- en uitvoer, op grond van koolstofvrystellings wat in die produksie en aflewering van daardie goedere gegenereer word, minus enige koolstof-afsettings en koolstof-sekwestrasies (koolstofsinking) wat in daardie verslaggewingstydperk kon plaasgevind het. Die CBAM poog om 'n "billike prys" vir koolstofvrystellings vas te stel, gebaseer op die prestasie van plaaslike EU-vervaardigers van soortgelyke produkte wat die *Emissions Trading System* (ETS) gebruik. Die CBAM sal met verloop van tyd in fases toegepas word. Sement, yster en staal, aluminium, kunsmis, elektrisiteit en waterstof is kommoditeite wat in Fase I gedek word. Dit beteken maatskappye wat betrokke is by hierdie kommoditeite sal nou moet begin meet en inligting oor hul vrystellings deel, en sal vanaf 1 Januarie 2026 verplig wees om jaarliks verslag te doen deur gebruik te maak van die gespesifiseerde EU-metodologie. Die EU-kommissie verwag inkomste van 1 miljard Euro per jaar vanaf 2026 tot 2030.

Wat belangrik is, is dat landbouprodukte NIE by Fase I of Fase II ingesluit is nie, en dit is onwaarskynlik dat dit vir eers direk deur die Regulasie geraak sal word. Kopers van landbougoedere kan egter aansienlike klem plaas op waar hulle hul produkte vandaan kry, en sodoende indirek besighede stroom-op beïnvloed.

Wolfe Braude (*Agbiz Fruit Desk*) het die CBAM-regulasies in beduidende besonderhede by die Sitrus Volhoubaarheidsforum wat verlede week Dinsdag gehou is, verduidelik. Opnames van hierdie sessie is beskikbaar deur Paula Bester (pb@cga.co.za) te kontak.




## *SITRUSBEMARKINGSFORUM* (CMF)

Neem asseblief kennis dat die volgende CMF-vergadering op Donderdag, 28 September 2023 om 14h15 via ZOOM sal plaasvind. Kontak asseblief vir Portia Magwaza portia@cga.co.za om die skakel te bekom.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 37<br>Miljoen 15 kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2021 | 2022 | 2023 | 2022 | 2023 | 2023 | 2023 | 2022 |
| Pomelo's | 20.2 m | 16.6 m | 14.7 m | 14.6 m | 13.6 m | 14.4 m | 14.9 m | 16.7 m |
| Mandaryne | 30.0 m | 31.1 m | 36.9 m | 29.7 m | 36.5 m | 34.1 m | 37.5 m | 31.8 m |
| Suurlemoene | 30.5 m | 34.2 m | 35.4 m | 33.0 m | 35.3 m | 37.3 m | 35.9 m | 34.7 m |
| Nawels | 26.9 m | 27.1 m | 24.7 m | 25.7 m | 24.5 m | 25.3 m | 24.9 m | 27.8 m |
| Valencias | 49.1 m | 49.0 m | 48.6 m | 38.3 m | 40.8 m | 54.5 m | 51.0 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **156.7m** | **158.0m** | **160.3m** | **141.3 m** | **150.7 m** | **165.6 m** | **164.2 m** | **164.8 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'***